

MARLOTH PARK HONORARY RANGERS

☎ 072 908 0400

www.marlothparkhonoraryrangers.co.za



Bat basics:

Two groups in South Africa: the bigger fruit bats and the smaller insect eating bats.

Fruit bats are never found in roofs. They have a good sense of smell and big eyes and have excellent eyesight. They have no tail. Insect-eating bats have strange face structures that help them navigate by using sound (echo-location). They all have tails. There are no vampire bats in Africa.

There is a very high death rate among young bats, especially as they have to learn the skills to fly. Only one baby is born per year. Most bats live in stable colonies and many retain life-long bonds with their mothers.

Insect eating bats save energy when food supplies are low by hibernating. Many insect bats have to warm up slowly throughout the afternoon to be ready to fly in the evening. So, disturbing a hibernating bat can cost it its life, as an emergency rapid warming up can cost it 8-30 days of fat reserve. If a bat is found, place it in a shoe box with a cloth and release at night from a high ledge or second storey sill. (It may not fly immediately as it may need to warm up first.) Do not throw it into the air. Never stretch out a bat's wings or hold it up by the wing tips; this distresses the bat and can result in broken bones.

Bats are clean animals and carry few parasites. None of these transfer to humans and they carry no disease. True rabies has never been found in a bat in South Africa. There is a popular belief that bat droppings carry a disease deadly to humans. This is an exaggerated belief. The disease, histoplasmosis, is caused by the spores of a fungus that grows in bird and bat droppings in enclosed *damp* areas. In South Africa it has been identified in the Cape and the Highveld. People who breathe in the spores may have mild flu-like symptoms. In 1-100,000 people it can develop into a serious disease. Histoplasmosis has never been found in dry bat guano in houses.

Insect eating bats rid us of tons of night-flying insects, including mosquitoes. Fruit bats eat fruit and spit out the seeds. It has been estimated that 95% of new trees in tropical rainforests are as a result of bat seed distribution.

MARLOTH PARK EREVELDWAGTERS

☎ 072 908 0400

www.marlothparkhonoraryrangers.co.za



Ter verdediging van vlermuise

Ons land se vlermuise word in twee groepe verdeel: die groter vrugte-etende vlermuise en die kleiner insekte-etendes van die orde *Chiroptera*.

Vrugtevlerruise word nooit onder dakke aangetref nie. Die vrugtevlerruis se reuksintuig is hoogs ontwikkel en sy groot oë help hom om baie goed te sien. Hy het nie 'n stert nie. Insekte-etende vlermuise het eienaardige gesigvorme wat hulle in staat stel om hul rigting te vind deur klankuitstraling (eggo-plekbepaling). Hulle het almal sterte. Daar is geen bloedsuiende vampiere in Afrika nie.

Die vrektesyfer onder jong vlermuise is hoog, veral daaraan toe te skryf dat hulle die kuns om te vlieg moet aanleer. Slegs een kleintjie word per jaar gebore. Die meeste vlermuise lewe in stabiele kolonies en baie van hulle behou 'n lewenslange band met hul moeders.

Insekte-etende vlermuise bespaar energie in tye wanneer voedsel skaars is deur tot 'n staat van oorwintering oor te gaan. Baie van hierdie soort vlermuise moet geleidelik opwarm tydens die duur van die middag om hulle vir die aand se vlieëry liggaamlik voor te berei. Om 'n vlermuise derhalwe te versteur tydens sy oorwinteringsproses kan sy lewe kos, aangesien 'n versnelde noodopwarmingproses tussen 8 en 30 dae se vetreserwes kan opgebruik.

In gevalle waar u op 'n vlermuise afkom, kan u dit snags uit 'n skoendoos met 'n warm bedekking vrylaat vanaf 'n uitsigpunt, soos 'n rotslys of die tweede verdieping van 'n huis. (Dit sal moontlik nie onmiddellik vlieg nie, aangesien dit nog nie opgewarm het nie.) Moenie die vlermuise in die lug opgooi nie. Moet nooit 'n vlermuise se vlerke uitrek nie of dit aan die vlerkpunte vashou nie — dit ontstel die vlermuise en kan veroorsaak dat daar beenbreuke ontstaan.

Vlermuise is skoon en dra min parasiete. Geeneen van laasgenoemde aanvaar mense as gashere nie en hulle versprei geen siektes nie. Ware hondsdolheid is nog nooit by 'n vlermuise gediagnoseer nie. Die geloof bestaan dat vlermuise se kuttels 'n siekte bevat wat die mens met noodlottige gevolge kan besmet. Hierdie geloof is hoogs oordrewe. Die siekte hier ter sprake is *histoplasmosis* en word veroorsaak deur die spore van 'n fungus wat in voël- en vlermuismis in geslote, vogtige ruimtes gedy. In Suid-Afrika is dit in die Kaapprovinsie en die Hoëveld geïdentifiseer. Persone wat die spore inasem, mag ligte griepsimptome ondervind. Slegs by een uit 'n duisend persone kan die aandoening tot 'n ernstige siektetoestand aanleiding gee. *Histoplasmosis* kon nog nooit met droë vlermuismis in wonings verbind word nie.

Insekte-etende vlermuise verlos ons van tonne nagtelike insekte, insluitend muskiete. Vrugtevlerruise vreet vrugte en spoeg die sade uit. Na raming het 95 persent van die bome in tropiese reënwoorde hulle oorsprong in die allemintige rol wat vlermuise op hierdie manier speel om saad te versprei.